



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

WAT GEBEUR AAN DIE EINDE VAN
'N PARLEMENTÊRE TERMYN?

FEITEBLAD 21

HERSIENING 1, 9 APRIL 2019



Ontbinding van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement (WKPP)

- Die WKPP word amptelik ontbind deur 'n stemming van sy Lede binne 90 dae nadat die datum vir 'n algemene verkiesing vasgestel is.
- Die stemming vind plaas nadat die Hoofswep 'n mosie ter tafel gelê het om die WKPP voor of by die laaste geskeduleerde sitting van WKPP te ontbind.
- Geen stemmings, sittings of vergaderings van parlementêre komitees vind plaas nadat die WKPP ontbind is nie; die Premier kan egter die WKPP vir 'n noodsitting byeenroep indien 'n dringende saak opduik.
- Vanaf die dag van die verkiesing tot die aanvangsdatum van die nuwe parlement kan die WKPP nie vergader nie en Lede kan ook nie enige parlementêre funksies uitvoer nie.

- 'n Nuwe parlement word amptelik saamgestel wanneer, binne 14 dae nadat die uitslag van die algemene verkiesing bekend gemaak is, die eerste parlementêre sitting gehou word waartydens die nuut verkose Lede die ampseed voor 'n regter, aangewys deur die Hoofregter van die Konstitusionele Hof, aflê.

Wat is die status van die Premier en die Kabinet ná die ontbinding van die WKPP?

- Die Premier en die Kabinet bly in hul poste en behou hul voorregte en verantwoordelikhede totdat 'n nuwe Premier by die eerste sitting van die nuwe parlement verkies word.
- Die provinsiale regering gaan voort om onder die leierskap van die huidige Premier en Kabinet te funksioneer totdat 'n nuwe Premier ingesweer is en 'n nuwe Kabinet aangestel is.

Wat is die status van Lede ná die ontbinding van die WKPP?

- Lede behou hul posisies vanaf die ontbinding van die parlement tot om middernag voor die dag van die verkiesing.
- Daar word van Lede vereis om hul kantore teen 'n vasgestelde datum voor die algemene verkiesing te ontruim en hul toegangskarte en enige bates van die WKPP, soos biblioteekboeke, terug te gee voordat hulle hul laaste salarisse ontvang.
- Lede wat terugkeer, word vergoed vir die tydperk tussen die algemene verkiesing en die eerste sitting van die nuwe parlement.
- Nuwe Lede ontvang toelaes en salarisse slegs vanaf die datum waarop hulle die ampseed aflê.
- Lede wat nie terugkeer nie, ontvang 'n kontantgratifikasie. Hierdie bedrag hang van hul dienstermyn af.
- Lede wat nie terugkeer nie, kan vir 'n pensioen in aanmerking kom afhangende van hul ouderdom en dienstermyn.
- Lede wat nie terugkeer nie, kan kies om lidmaatskap van die Parmed-mediesefondsskema te behou en hulle sal voortgaan om 'n mediesefondssubsidie te ontvang wat bereken word op grond van hul parlementêre dienstermyn.

Wat is die status of politieke partye ná die ontbinding van die WKPP?

- Toelaes aan politieke partye om kiesafdelingkantore in stand te hou en administratiewe personeel in diens te neem sal pro rata betaal word tot om middernag voor die dag van die verkiesing.
- Die befondsing van politieke partye wat terugkeer, hervat nadat die uitslag van die verkiesing bekend gemaak is en die totale getal setels wat elke politieke party verower het, bepaal hierdie befondsing.
- Nuut verkose politieke partye sal toelaes ontvang vanaf die datum waarop hul verteenwoordigers ingesweer word en die totale getal setels wat verower is, bepaal hierdie toelaes.